



1

EENHEID EEN

DRESS UP! (*DIE WAPENRUSTING*)

DIE GORDEL VAN WAARHEID

Die Basis van die Wapenrusting

Eenheid Opdragte

- Kyk die [Skrif Memorisering Video](#)
- Kyk die [Materiaal Raamwerk Video](#)
- Begin met [Geestelike Bepaling Nr 1](#)
- Begin met jou [Geestelike Reis](#)

GEESTELIKE WAARHEDE

MEMORISEERVERS:

“As julle aan my woorde getrou bly, is julle waarlik my dissipels; en julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vry maak.”

G

Johannes 8:31-32 (ANV)

BYBELSTUDIE:

R

Welkom by hierdie GROEPE studie!

Oor die volgende paar weke gaan jy nuwe mense in jou groep leer ken en ook ervaar hoe die GROEPE raamwerk julle kan help om te groei in julle verhouding met Jesus. Ons doel met hierdie groepe is om jou te help in die proses om ’n volwasse en toegeruste gelowige te word vir ’n verlore wêreld.

O

Ons gaan begin deur te kyk na die wapenrusting waarvan Paulus in Efesiërs 6 praat. In Efesiërs wil Paulus vir sy lesers probeer verduidelik hoe groot en omvangryk dit is wat Jesus vir ons gedoen het. Hy verduidelik wat ons as Christene alles ontvang het in hierdie nuwe lewe; hoe Jesus ons uit die koninkryk van die duister gehaal het in sy koninkryk gesit het; hoe ons geestelike lewend gemaak is; die misterie van die kerk; hoe om prakties hierdie nuwe lewe uit te leef en selfs hoe ons die verskillende verhoudings wat ons het met verskillende

mense moet hanteer. Maar dan sluit Paulus in ’n sekere sin sy brief af deur dit duidelik te maak dat hierdie nuwe lewe nie op ’n speelgrond plaasvind nie, maar in ’n baie vyandige omgewing. Ons is in ’n geestelike oorlog met ’n werklike, strategiese en gemene vyand wat ons wil verwoes, maar God het selfs voorsiening gemaak vir hierdie oorlog en vir ons alles gegee wat ons nodig het om staande te bly sodat ons kan voortgaan in hierdie nuwe lewe en missie wat God aan ons gegee het. Hy het aan ons ’n geestelike wapenrusting gegee!

E

P

E

Ons gaan oor die volgende paar weke kyk na al die verskillende elemente van hierdie wapenrusting en wat elke deel behels en hoe dit ons lewe beïnvloed. In hierdie week se studie gaan ons begin deur te kyk na die basis van hierdie wapenrusting – die gordel van waarheid.

EFESIËRS 6:10-18 is die gedeelte waar Paulus die wapenrusting verduidelik.

Lys die verskillende dele van die wapenrusting.

Vers 10-12. Watter twee opdragte word aan Christene gegee? Vir watter rede moet hierdie opdragte uitgevoer word?

Vers 13. Wie gee die wapenrusting? Wanneer moet ons weerstand bied? Wat is die rede?

G

R

2 KORINTIËRS 10:3-5 is die gedeelte waar Paulus verder uitbrei oor die wapens wat God vir ons gee en waar hy ook verduidelik waar hierdie stryd met die duiwel gestry word in ons lewens baie keer.

Wie verskaf die wapens?

O

Watter krag het hierdie wapens?

E

Wat dink jy beteken: “elke hooghartige aanval wat teen die kennis van God gerig word”?

P

Lees Matteus 4:1-11. Hoe het Jesus elke aanval van die duiwel, “wat teen die kennis van God gerig word”, hanteer? Is dit iets wat jy al gedoen het.

E

JOHANNES 8:31-45 is 'n gedeelte waar Jesus 'n onderonsie met sekere Jode het. Jesus maak dit duidelik dat Hy aan die kant van die waarheid is en dat die duiwel aan die kant van die leuen is.

Vers 31-32. Hoe sal jy hierdie gedeelte in jou eie woorde opsom? In hierdie gedeelte is daar drie dinge wat Jesus uitlig. Kan jy sien wat dit is? Kyk mooi na die volgorde. Dink jy die volgorde is belangrik?

G

Vers 44. Wat is die eienskappe van die duiwel? Watter taal praat hy? Wat is sy aard? Dink jy, jy kan enige iets glo wat hy sê?

O

Lees deur die volgende verse en skryf die eienskappe van God neer:

Johannes 1:14, 17

E

Johannes 14:6

Johannes 14:17; 15:26; 16:13

P

Lees Efesiërs 1:13; Kolossense 1:5. Hoe word die evangelie in hierdie vers beskryf?

E

Lees 1 Korintiërs 13:6. Hoe word die liefde beskryf?

Hoe word God se woord in die volgende verse beskryf?

Johannes 17:17

2 Timoteus 2:15

Jakobus 1:18

2 Korintiërs 6:7

Addisioneel:

G

SPREUKE is boek vol beginsels vir ons lewe en om goeie verhoudings met mense te bou. Spreuke het baie te sê oor die waarheid. Lees hierdie verse uit Spreuke as iets addisioneel oor die belangrikheid van die waarheid en skryf neer wat elke vers jou leer.

6:16-19

R

10:10

O

12:17

E

12:19

P

12:19

16:13

E

16:28

17:20

23:23

Opsomming:

Efesiërs is 'n wonderlike boek in die Bybel met baie waarhede wat ons kan help groei in ons Christelike lewe. Paulus wil vir ons iets verduidelik hoe wonderlik die nuwe lewe in Christus is en wat ons alles ontvang het in hierdie nuwe lewe. Dit sal goed wees as jy die hele boek van Efesiërs kan deurlees om 'n groter prentjie te kry van alles wat Paulus leer. In Efesiërs 1 verduidelik Paulus

wat ons alles verkry het in Jesus Christus en hoe groot dit alles is wat vir ons gegee is. In Efesiërs 2 verduidelik Paulus hoe ons eers in die koninkryk van die duister was en hoe Jesus ons geestelike lewend gemaak het en in die koninkryk van God gebring het sodat ons naby aan God kan wees. In Efesiërs 3 verduidelik hy die misterie van die kerk en hoe God dit 'n geheimenis gehou het en hoe God verskillende mense kan saambind deur die evangelie. In Efesiërs 4 en 5 word Paulus baie prakties en verduidelik hy eintlik hoe ons as Christene nou prakties hierdie nuwe lewe kan uitleef en hoe ons lewenswandel in ooreenstemming kan wees met die roeping wat ons van God ontvang het (Efesiërs 4:1). Aan die einde van hoofstuk 5 praat hy oor hoe die verhoudings tussen man en vrou moet lyk in hierdie nuwe lewe en hoofstuk 6 begin dan praat oor die verhouding tussen ouers en kinders asook verhoudings tussen slawe en hulle eienaars.

G

R

O

E

P

E

Aan die einde van hoofstuk 6 wil Paulus dit eintlik net duidelik maak aan hierdie Christene: onthou net, hierdie nuwe lewe van julle gaan julle moet leef in 'n baie vyandige, geestelike omgewing. Onthou, daar is 'n geestelike geveg aan die gang en jy het 'n werklike, geestelike vyand wat soos 'n brullende leeu rondloop om iemand te verslind (1 Petrus 5:8). Sy doel is nie net om jou 'n slegte dag te gee nie. Sy doel is om jou lewe te verwoes (Johannes 10:10). Hy wil jou kerk skeur. Hy wil jou huwelik verwoes, jou lewe verwoes, en jou kinders verwoes. Hy wil jou oorweldig, mislei, en oneffektief in hierdie nuwe lewe saam met Christus maak.

En dit alles sodat die kerk en die evangelie sy waarde in die samelewing verloor, jy 'n mismoedige persoon kan wees en sodat al die werk wat Jesus Christus aan die kruis vir jou bewerk het, wegloop in die sand.

So, wees nugter en wees wakker vir hierdie vyand, maar weet dat God vir jou ook in hierdie nuwe lewe gee wat jy nodig het om te kan bly staan. Hy verwag nie dat jy dit in jou eie krag moet doen nie, maar Hy gee vir jou geestelike wapens wat jou kan help staan en help voortgaan in hierdie nuwe lewe en die missie kan uitvoer wat Hy vir elke Christen gegee het.

In Efesiërs 6:10-11 word daar twee opdragte gegee en die manier hoe hierdie opdragte in die Grieks geskryf is (die oorspronklike taal van hierdie brief) is dit so gestel dat jy kan nie dit op jou eie doen nie, maar jy moet toelaat dat God dit vir jou doen in jou lewe. Dis asof daar staan: "laat toe dat jy voortdurend versterk kan word deur die krag wat reeds tot jou beskikking is as gevolg van jou nuwe posisie en verhouding met Jesus Christus". Dit is dieselfde krag wat Christus uit die dood opgewek het en nou binne in jou is (Efesiërs 1:18-20). Ons moet hierdie opdragte uitvoer sodat ons kan bly staan, sodat ons kan vashou aan die grond wat gewen is deur hierdie nuwe lewe in Christus en sodat ons kan vashou aan dit wat ons reeds besit in Christus Jesus. As jy dus nie sterkstaan nie, gaan jou lewe net weer lyk soos dit gelyk het voordat jy Jesus ontmoet het.

Efesiërs 6:12 gee die rede hoekom ons hierdie opdragte moet uitvoer – want *“ons stryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen elke mag en gesag, teen elke gees wat heers oor hierdie sondige wêreld, teen elke bose gees in die lug”*. Efesiërs 6:13 wil tog dit duidelik maak dat daar spesifieke oomblikke en spesifieke dae is wat die vyand teen ons kom en ons moet gereed wees vir daardie dae. Die vyand gebruik spesifieke geleenthede om ons te versoek om weg te draai van Jesus af.

Efesiërs 6:14-15 kan amper lees: *“Bly dan op julle pos omdat julle reeds julle omgord het met die gordel van waarheid om julle heupe; omdat julle reeds die borsharnas van geregtigheid aangetrek het en reeds die skoene van bereidheid van die evangelie aangetrek het sodat julle die vyand met stabiliteit en gereedheid, wat die evangelie tot gevolg het, kan trotseer”*.

Ons moet onthou die duiwel is die vader van die leuen (Johannes 8:44) en sy eerste manier van aanslae teen ons, is misleiding. Die duiwel plaas gedagtes in ons koppe “*wat teen die kennis van God gerig word*” (2 Korintiërs 10:5). Die kennis van God is die waarheid en enige aanval daarteen is ’n leuen en die begin van misleiding. Wanneer jy mislei is weet jy dit nie. Jy glo ’n leuen asof dit die waarheid is en jy handel daarvolgens. Vir lank het die mense geglo die aarde is plat en hulle het daarvolgens gelewe en nie te ver gereis met hulle bote en skepe nie. Later het iemand gekyk hoe ver kan hulle gaan met hulle boot voordat hulle afval en hulle het agtergekom die aarde is nie plat nie, maar rond. Die aarde het nie in daardie oomblik rond geword nie. Die waarheid was nog altyd dat die aarde rond is alhoewel mense dit nie geglo het nie. Wanneer ons mislei is, is daar sekere dinge wat nog altyd waar is, maar ons glo dit nie en leef nie daarvolgens nie of weet dit selfs nie. Dit is hoekom die waarheid die basis van ons geestelike wapens is. Die Woord van God is die waarheid. Jesus het gekom in genade en waarheid. Jesus is die Weg en die Waarheid en die Lewe. Die Heilige Gees is die Gees van waarheid. Die evangelie is die waarheid.

G

R

Ons kan dus nie altyd gaan op wat ons sintuie vir ons sê, of wat ons gevoelens vir ons sê, of vorige ervarings nie. Ons moet dit altyd toets aan die waarheid van God se woord en wat God daarvoor sê. Elke keer wanneer daar gedagtes in ons koppe kom moet ons dit toets teen die waarheid van God en indien dit teen die waarheid is (“*teen die kennis van God*”), moet ons daardie gedagte gevange neem (2 Korintiërs 10:5). Toe Jesus aangeval is met leuens en halwe waarhede van die duiwel in die woestyn, het Jesus hierdie aanvalle teen die kennis van God elke keer hanteer met die waarheid van God se woord. Hy het elke keer gesê: “Daar staan geskrywe”. Dit is hoe ons ook dinge moet evalueer en bly by wat God in sy woord sê.

O

E

P

E

Ons moet onthou: ons hoef nie bang te wees nie. Die duiwel is reeds verslaan (Johannes 12:31). Hy wat in ons is, is groter as hy wat in die wêreld is (1 Johannes 4:4). Wanneer ons onself aan God onderwerp, kan ons die duiwel teëstaan en hy sal van ons vlug (Jakobus 4:7). Openbaring 12:11 en 1 Johannes 5:4-5 maak dit duidelik dat ons kan die duiwel en sy planne teenstaan en ons kan in oorwinning leef omdat Jesus reeds oorwin het en ons aan Hom behoort. Ons het nodig om te bly staan op ons pos want God het ons geroep vir ’n missie in hierdie wêreld. Ons moet die evangelie van waarheid versprei sodat mense kan leef in die waarheid en dat hulle die God van waarheid kan leer ken. Ons is op ’n missie. Ons is in ’n oorlog. God het reeds gewen! Ons moet bly staan in die krag wat Hy ons gee!

Ons trek die gordel van waarheid aan deur die waarheid van God uit te leef selfs al verstaan ons nie dit met ons sintuie nie. Dit is geloof. In Johannes 8:31-32 sê Jesus ons moet vashou en getrou bly aan sy geboorte, en doen wat dit sê. Wanneer ons gehoorsaam is en dit uitvoer, dan sal ons die waarheid ken en dan eers sal die waarheid ons vrymaak. Ons wil baie keer die volgorde verander. Ons wil hê die waarheid moet ons eers vrymaak, dan sal ons weet dit is die waarheid en dan sal ons dit doen. Dit is presies wat die vader van die leuen wil hê ons moet doen sodat ons nooit in die vryheid en stabiliteit van God se waarheid kan leef nie.

REDIGERING EN TOEPASSING

Soos jy deur die Geestelike Waarhede gedeelte gelees het, was daar dalk dinge waarmee jy nie saam gestem het nie of dinge wat nie vir jou duidelik was nie. Neem 'n tydjie hierdie week om die onderstaande gedeeltes deur te werk. Skryf 'n paar punte neer vir bespreking.

G

Op watter manier het jy aan 'n geestelike oorlog gedink? Was dit iets wat jy vermy het? Was dit iets waarvan jy nie baie geweet het nie?

R

Het daar al dinge in jou lewe skeef geloof wat jy net nie kon verklaar nie? Hoe dink jy na aanleiding van hierdie studie oor daardie situasies? Is daar tans dalk sulke situasies in jou lewe? Hoe gaan jy dit benader na hierdie studie?

O

E

Op watter manier het leuens en misleiding al skade in jou lewe gemaak? Op watter manier het die duiwel al slegte situasies of omstandighede in jou lewe gebruik om leuens oor jouself, oor ander of oor God te vestig in jou lewe? Verduidelik.

P

E

Hoekom dink jy is dit so belangrik om totaal eerlik te wees met God, ander en onself in die lig daarvan dat die duiwel se primêre strategie en taktiek is om ons te mislei?

Op watter manier het jy aanvalle teen die waarheid van God in die verlede hanteer? Hoekom dink jy is dit belangrik dat ons God se woord ken?

ONDERSOEK

Dink na oor die onderstaande vrae voor julle volgende groepsbyeenkoms. Jy mag enige van die vrae gevra word en jy mag enige van hierdie vrae aan die mense in jou groep vra. Hierdie vrae sal jou help om jou lewe te evalueer in die lig van die waarheid wat julle hierdie week bestudeer het. Dit gee ook vir die ander groepslede die geleentheid om jou aan te moedig om ten volle vir Jesus te lewe. Skryf 'n paar punte in die spasies neer na aanleiding van julle groepsbespreking.

G

Is daar enige areas tans in jou lewe waar jy weet wat die waarheid is, maar tog is daar 'n drang in jou om 'n kompromie aan te gaan of om die lyne bietjie te skuif? Verduidelik. Indien nie, deel 'n spesifieke geval in jou lewe waar jy nie eerlik met God of met jouself was nie. Wat was die gevolge van daardie insident? Hoe het die vyand dit gebruik om verwoesting te saai?

R

O

Wanneer word jy versoek om die waarheid te verdraai of om leuens te vertel? Verduidelik.

E

Gevoelens kan soms baie sterk wees en maak dat ons eerder daarvolgens wil reageer as op die waarheid van God se woord. Het jy dalk in die laaste maand in daardie gat getrap? Verduidelik.

P

E

Dit word dikwels gesê dat almal 'n masker dra. Met ander woorde onsekerheid maak dat ons almal in sekere situasies voorgee ten einde 'n goeie indruk by ander te skep. Hoe kan die waarheid van wie ons in Christus is ons help om ons maskers af te haal?

EVANGELIE EN MISSIE

INLEIDING

In Johannes 12 lees jy die storie van Jesus se intog in Jerusalem, net 'n paar dae voor Hy gekruisig is. Op hierdie dag was daar groot skares mense wat uitgeroep het:

“Prys Hom! Loof Hom wat in die Naam van die Here kom!” (v13)

G

Verbeel jou jy was daar, deel van die skare met die hoop om vir Jesus te sien. Jy is, net soos die ander mense, verwonderd deur die stories wat jy gehoor het. Daar is selfs 'n gerug in die skare van 'n man wat uit die dood opgestaan het. Baie in die skare is toegewyde volgelinge van Hom; ander is net toeskouers wat die opwinding van die oomblik geniet. Jy is nie seker hoe jy oor Hom voel nie, maar wie ook al Hy is, Hy is verseker 'n man met spesifieke doelwitte en 'n man van aksie. Jy sou Hom graag wou ontmoet om jou eie siening oor Hom te bepaal, maar tog sien jy nie hoe jy verby hierdie skare gaan kom nie. Dan vang jou oog een van sy dissipels, Filippus. Jy vra, “Asseblief! Ek en my vriende wil graag vir Jesus ontmoet.” Filippus sien jy is nie 'n Jood nie en hy praat eers met Andreas daarvoor en dan gaan hulle na Jesus toe en sê dat nuuskierige “Griekse” Hom graag wil ontmoet. Jy sien jou geleentheid en volg hulle, om net om naby genoeg te kom en te hoor hoe Jesus vir Filippus en Andreas sê, “*As iemand My wil dien, moet hy My volg; en waar Ek is, daar sal my dienaar ook wees.*” (v.26). Soos Hy praat sien jy 'n snaakse, maar aantreklike mengsel van deernis en doelgerigheid in sy gesig. En in daardie oomblik besef jy: Jesus is op 'n missie wat

deur liefde gedryf word. En die wat Hom wil volg, moet Hom in daardie missie volg.

R

Die doel van hierdie GROEPE is om dissipels te ontwikkel wat volwasse en toegeruste volgelinge van Jesus sal wees *vir 'n verlore wêreld*. Die doel van die EVANGELIE en MISSIE afdeling is juis om hierdie doel te ondersteun sodat Geestelike Waarhede, Redigering en Toepassing, Ondersoek en Praat met God, getransformeer word in 'n lewe van missie – 'n lewe wat Jesus se missie opneem en Hom daarin volg.

O

E

Wat is Jesus se missie? Dit is om sy evangelie bekend te maak aan alle mense deur woord (getuig en die evangelie verduidelik) en daad (die evangelie fisies demonstreer). Dit is die missie wat elke generasie van Jesus se volgelinge moet opneem. Jy moet egter nie 'n missie-gedrewe lewe verwar met, raak 'n sendeling êrens in die wêreld nie. 'n Sendeling kan dalk sy lewe gee om die evangelie bekend te maak oor landsgrense heen, maar Jesus roep al sy volgelinge om die evangelie in woord en daad bekend te maak waar ook al hulle woon, werk en ontspan sowel as in hulle omliggende gemeenskappe.

P

E

Regdeur die jaar sal hierdie GROEPE jou help om te verstaan wat dit beteken om 'n lewe van missie te leef en hoekom jy as volgelinge van Jesus dit sal wil doen. Jy gaan leer hoe om te bid vir mense wat nog nie glo nie en hoe om betekenisvolle geleenthede te ontdek om mense om jou te dien. Jy gaan ook leer hoe om jou eie geestelike storie te vertel op 'n gemaklike, innemende manier en jy gaan leer hoe maklik dit is om die algemene vrae te beantwoord wat mense vra oor geloof in Jesus.

Sit tyd uit en begin dink oor Jesus se doel en omgee deur die volgende vrae te beantwoord.

Wat is Jesus se missie soos wat dit op die vorige bladsy gedefinieer is.

G

Wat beteken “woord en daad”?

R

Wat is jou onmiddellike reaksie oor die idee dat jy Jesus moet volg in sy missie? Is jy onseker? Opgewonde? Het jy bietjie weerstand? Gebruik hierdie gedeelte om jou eerste gedagtes en gevoelens neer te skryf oor die missie gedeelte van jou geestelike reis.

O

E

P

Gebruik hierdie gedeelte om jou gedagtes en gevoelens oor 'n lewe van missie om te skakel in 'n gebed. Wat sal jy vir Jesus wou sê oor die missie gedeelte van jou geestelike reis?

E

PRAAT MET GOD

“Nader tot God en Hy sal tot julle nader

Jakobus 4:8

G

Wat sal gebeur as jy doelgerig en opsetlik meer en meer tot God nader en sy aangesig soek? Wat sal gebeur as Hy tot jou nader en jy ’n groter openbaring van Hom kry? Vra Hom om tot jou te nader.

R

Sit hierdie week tyd uit om met God te praat en vra Hom dat jy ’n groter begrip van Hom en sy koninkryk sal kry.

O

My gebedsversoek ten opsigte van die geestelike waarheid van hierdie week:

E

My gebedsversoek ten opsigte van ’n situasie in my lewe:

P

My gebedsversoek ten einde ’n lewe van omgee en missie te leef:

E

Gebedsversoeke van ander in my groep:

EEN TREE

Na aanleiding van julle gesprekke vandag in die groep en jou studie die afgelope week, wat ervaar jy is die EEN TREE wat die Heilige Gees jou vra om te gee in jou verhouding met Jesus? Wat is die EEN ding wat jy hierdie week moet doen?

Ek gaan hierdie week...

G

R

**Maak seker jou stelling is baie spesifiek, meetbaar en evalueerbaar en indien dit 'n spesifieke tydslyn het, is dit nog beter.*

O

E

P

E